higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

(Eerste vraestel)
NKR VLAK 4

(4101064)

7 November 2024 (X-paper)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye.

029Q1N2407

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
(Eerste vraestel)
NKR VLAK 4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings:

AFDELING A: LEES EN KYK	[50]
AFDELING B: OPSOMMING	[20]
AFDELING C: KYK	[30]
AFDELING D: TAAL IN PRAKTYK	[40]
AFDELING E: KOMMUNIKASIE IN DIE PRAKTYK	[40]

2. Beantwoord al die vrae.

3. Lees al die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Laat ‘n reël oop na elke antwoord.

6. Begin elke afdeling op ‘n NUWE bladsy.

7. Let op na die puntetoekenning by elke vraag.

8. Beplan jou tyd.

9. Trek ‘n duidelike streep deur die rofwerk. As jy dit nie doen nie, sal jou eerste poging nagesien word.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: LEES EN KYK

VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die onderstaande tydskrifartikel aandagtig deur en beantwoord die vrae.

DR. SAMUELS – NÁ ALLES
Deur Maretha Botes



Skoolverlater op 17 ... en nou doktor! Jerome Samuels is die bewys dat 'n mens nooit moet opgee op jou drome nie.

1. Die dag toe sy beste vriend in sy arms gesterf het, het Jerome Samuels se lewe in duie gestort, en dié slimkop het in graad 11 die skoolbanke verlaat. In die jare daarna het sy akademiese drome vergete geraak en het hy onder meer winkeltrollies gestoot en as taxi-wag en busoperateur gewerk om kos op die tafel te sit. Ten spyte van uitdagings, het hy gewys die onmoontlike is moontlik, en vandag, 34 jaar ná daai noodlottige dag, dra hy die titel van "doktor" Samuels – en dit op die ryp ouderdom van 51.

2. Jerome, wat in The Valley of Plenty in Hanover Park op die Kaapse Vlakte grootgeword het, is vandag die adjunkdirekteur en areakoördineerder van ontwikkeling en sorg by die Goodwood-gevangenis in Kaapstad. Hý is die man wat personeel soos die verpleegsters, sielkundiges, maatskaplike werkers, opvoeders, dieetkundiges, aptekers en die kapelaan bestuur.

3. Dit is deur sy werk by die gevangenis dat hy weer in 2017 sy lyf student begin hou het. Jerome het in April vanjaar sy doktorale graad (PhD) in filosofie in kinder- en familiestudies aan die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) verwerf.

4. Sy studies het gefokus op riglyne vir Suid-Afrika se korrektiewe dienste om misdadigers wat weer oortree, te bestuur. Sy meestersgraad was juis gegrond op hoekom mense weer misdade pleeg en agter tralies beland ná hulle 'n vonnis uitgedien het ("residivisme"). Die redes, het hy bevind, is groepsdruk, werkloosheid en die feit dat hulle 'n misdaadrekord het en nie kan werk kry nie.

5. Daar is statistiek wat sê 83% misdadigers pleeg weer misdaad nadat hulle vrygelaat word. Met sy doktorsgraad agter sy naam wil Jerome nou toesien dat misdadigers nie wéér agter tralies beland nie.

6. Jerome was van graad een af elke jaar onder die top 10- akademiese presteerders, maar ná sy vriend se dood, wou hy niks meer weet van skool nie. Toe word hy in graad 11 'n skoolverlater.

Kopiereg voorbehou

7. Hy kon nie tuis sit en niks doen nie. Soos genoem, het hy verskeie werkies probeer voordat hy aansoek gedoen het vir ‘n pos by die destydse gevangenisdiens. In November 1993 het hy by Pollsmoor-gevangenis begin werk as ‘n korrektiewe assistent.

8. Jerome is aanvaar met ‘n graad 10-sertifikaat, maar hy moes sy matriek voltooi om ‘n permanente betrekking te kry. Hy het in 1994 geregistreer vir matriek. Die studeergogga het Jerome uiteindelik gebyt en ná hy sy matriek verwerf het, het hy voortgeleer en selfs ‘n kwalifikasie in teologie verwerf. Vandag kan Jerome terugkyk en die genade soos ‘n goue draad deur sy lewe sien loop. Hy dra sedert April vanjaar die titel van “doktor”.

9. Hoe het hy staande gebly deur al die uitdagings? “Ek trek baie krag uit my godsdiens. Dit is vir my belangrik om soms net stil te raak en te kyk hoe die pad tot hier lyk en hoe die Here my gelei het. Dan ervaar ek weer ‘n diepe dankbaarheid vir Sy genade in my lewen Sy hand oor my, sodat ek my passie vandag kan uitleef. “

[Verwerk uit: *Kuier*, 20 Junie 2023]

VRAE:

1.1 Lees weer die titel. ‘ná alles” impliseer dat dr. Samuels nie ‘n maklike pad geloop het nie.

1.1.1 Verduidelik waarom jy dink die titel is gepas. (1)

1.1.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.2) in die ANTWOORDBOEK neer.

Dr. Samuels bewys dat ‘n mens maar mag ..., dit kan waar word.

A studeer
B werk
C opgee
D droom (1)

1.2 Lees weer die subtitel.

1.2.1 Kies die korrekte term uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.2.1) in die ANTWOORDBOEK neer.

Dr. Samuels is ‘n doktor in (medisyne/filosofie). (1)

1.2.2 Verduidelik die KONTRAS in die subtitel. (2)

1.3 Noem TWEE dinge wat dr. Samuels as skoolverlater gedoen het om kos op die tafel te sit. (2)

Kopiereg voorbehou

1.4 ‘n *Aanname* beteken om iets as vanselfsprekend te aanvaar sonder om enige bewys daarvoor te hê.

Verduidelik watter aanname in paragraaf 1 verkeerd bewys word. (1)

1.5 Volgens paragraaf 1 dra dr. Samuels die titel van “doktor” op die ryp ouderdom van 51.

1.5.1 Bespreek die gebruik van die aanhalingstekens in hierdie stelling. (1)

1.5.2 Hoe oud was Jerome toe sy beste vriend in sy arms gesterf het? (1)

1.5.3 Gee TWEE moontlike redes waarom Jerome daarna die skoolbanke verlaat het. (2)

1.6 “Dit is deur sy werk by die gevangenis dat hy weer in 2017 **sy lyf student begin hou het.**” (paragraaf 3)

1.6.1 Word hierdie uitdrukking LETTERLIK of FIGUURLIK gebruik?

1.6.2 Verduidelik wat die joernalis met hierdie uitdrukking bedoel.
(2 × 1) (2)

1.7 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs “waar” of “onwaar” langs die vraagnommer (1.7.1–1.7.2) in die ANTWOORDBOEK neer en MOTIVEER jou antwoord deur ‘n sinsdeel uit die leesstuk aan te haal.

1.7.1 Jerome is ‘n persoon wat leiding neem by die Goodwood-gevangenis in Kaapstad.

1.7.2 Jerome het begin studeer om kos op die tafel te sit.
(2 × 2) (4)

1.8 Die skrywer maak gebruik van vakterminologie in die artikel wat in die Strafreg gebruik word.

1.8.1 Haal EEN voorbeeld van vakterminologie uit paragraaf 4 aan.

1.8.2 Gee ‘n verklaring van die woord in goeie Afrikaans.
(2 × 1) (2)

1.9 Die fokus van Jerome se studies was riglyne vir Suid-Afrika se korrektiewe dienste om misdadigers wat weer oortree, te bestuur.

1.9.1 Verduidelik waarom Jerome se studie ‘n groot bydrae tot Suid-Afrika se korrektiewe dienste kan lewer. (1)

1.9.2 Gee TWEE redes waarom baie misdadigers weer misdaad pleeg nadat hulle vrygelaat word. (2)

Kopiereg voorbehou

1.10 Lees weer paragraaf 5. Daarvolgens pleeg 83% van misdadigers weer misdaad nadat hulle vrygelaat word.

1.10.1 Is hierdie stelling ‘n FEIT of ‘n MENING?

1.10.2 Gee EEN rede vir jou antwoord op VRAAG 1.10.1.

(2 × 1) (2)

1.11 “Jerome was van graad een af elke jaar onder die top 10- akademiese presteerders, maar ná sy vriend se dood, wou hy niks meer weet van skool nie” (paragraaf 6). Verduidelik waarom Jerome se optrede normaal was. (1)

1.12 1.12.1 Haal EEN voorbeeld van beeldspraak in paragraaf 8 aan om te illustreer dat Jerome só entoesiasties was oor sy studies dat hy nie kon ophou nie. (1)

1.12.2 Benoem hierdie beeldspraak. (1)

1.13 Toe Jerome die werk by Pollsmoor aanvaar het, is hy aanvanklik in ‘n tydelike pos aangestel.

Haal EEN sin in die artikel aan om hierdie stelling te staaf. (1)

1.14 Haal ‘n sinoniem vir “studie in religie” uit die artikel aan. (1)

1.15 “Vandag kan Jerome terugkyk en die genade soos ‘n goue draad deur sy lewe sien loop.” (Paragraaf 8)

1.15.1 Wanneer het Jerome begin besef dit is lekker om te leer?

1.15.2 Tot watter insig het hy gekom ten opsigte van ‘n matrieksertifikaat?

1.15.3 Watter EEN ding het Jerome nog altyd deur moeilike tye gedra? (Paragraaf 9)

1.15.4 Noem EEN positiewe gevoel wat Jerome ervaar oor sy kwalifikasie.

(4 × 1) (4)

1.16 Jerome dink dit is belangrik dat hy sy “passie” uitleef. (Paragraaf 9)

Wat is Jerome se “passie”? (1)

[35]

VRAAG 2: BRIEF AAN DIE PERS

Lees die onderstaande brief aandagtig deur en beantwoord die vrae.

Goudastraat 14
Elarduspark
0047
02 Februarie 2023

Die Redakteur
Beeld
Posbus 100
JOHANNESBURG
0100

Die Redakteur

SWAK AFLEWERINGSDIENS

Ek het ‘n aanlyn aankoop gedoen en die pakkie is deur Grypdit Afleweringsdiens aan my gestuur. Ek het ‘n Samsung Galaxy-tablet bestel. Toe ek die pakkie ontvang het, was die verpakkingsmateriaal geskeur en daar was duidelike tekens dat die pakkie beskadig is.

Nadat ek die pakkie oopgemaak het, het ek gesien dat die tablet se skerm gekraak het en daar was geen laaier of tabletomhulsel ingesluit nie, alhoewel dit deel was van die pakket wat ek bestel het.

Ek het foto’s geneem van die beskadigde pakkie en aan Grypdit Afleweringsdiens se hoofkantoor gestuur. Die bestuurder het belowe dat hy die saak sal ondersoek. Hierdie hele proses het baie van my kosbare tyd gemors.

Daarna het ek hulle weer gekontak en nou, drie maande later het ek steeds geen antwoord van hulle ontvang nie. Ek is radeloos en weet nie hoe om die saak verder te hanteer nie.

Die uwe
J Stoltenkamp
Jack Stoltenkamp

[Eie verwerking]

VRAE:

2.1 Hoekom het Jack Stoltenkamp die brief geskryf? (1)

2.2 Watter maatskappy het die pakkie afgelaai? (1)

2.3 Dink jy Jack het ‘n grondige rede om te kla? Motiveer jou antwoord. (2)

2.4 Hoe weet die ontvanger van die brief dadelik waaroor die klagte gaan? (1)

2.5 Gee DRIE redes waarom Jack nie tevrede was met die pakkie wat hy ontvang het nie. (3)

2.6 Indien jy die bestuurder was, hoe sou jy hierdie klagte hanteer het? (1)

2.7 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs "Waar" of "Onwaar" langs die vraagnommer (2.7) in die ANTWOORDBOEK neer en MOTIVEER jou antwoord deur uit die leesstuk aan te haal.

Jack het die bestuurspan meer as een keer gekontak. (2)

2.8 Op watter ander TWEE maniere, behalwe om 'n klagtebrief te skryf, kan Jack mense bewus maak van die probleem? (2)

2.9 Haal 'n sin uit die klagtebrief aan om te bewys dat Jack moedeloos is en raad nodig het oor die stappe om verder te neem. (1)

2.10 Met watter woorde sou Jack afgesluit het indien dit 'n informele brief was? (1)

[15]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: PRÉCIS

VRAAG 3: TYDSKRIFARTIKEL OM OP TE SOM

- Som SEWE eienskappe van leierskap op soos dit in die onderstaande artikel uiteengesit word.
- Skryf elke hoofgedagte in JOU EIE VOLSIN neer.
- Skryf jou sinne in PARAGRAAFFORMAAT neer.
- Jou précis mag nie langer as 60−70 woorde wees nie.
- Verduidelik so ver moontlik in jou eie woorde.
- Dui die GETAL WOORDE aan die einde van die précis aan.

LEIERSKAP

Sommige glo ‘n goeie leier word gebore, maar jy kan leiereienskappe aanleer wat nie van jou weggeneem kan word nie, ongeag waar jy jou in die lewe bevind. Leierskap is ‘n proses waardeur ‘n persoon mense in ‘n organisasie of ‘n span beïnvloed om een doel te bereik. Dink maar aan die kaptein van ‘n rugbyspan wat byvoorbeeld probeer om sy spanlede te beïnvloed om hul wedstryd te wen. Daar is twee soorte leiers – demokratiese en outokratiese leiers. ‘n Demokratiese leier verteenwoordig die mense en probeer namens hulle lei. Hulle luister na wat hul raadgewers en volgelinge te sê het voor hulle ‘n belangrike besluit neem. ‘n Outokratiese leier is iemand wat alleen in beheer wil wees en eiewillig optree. Outokratiese leiers is mense wat hulle nie aan ander mense se menings steur nie. Die beste leiers het talle eienskappe wat hulle laat uitstaan, soos integriteit, intelligensie, selfvertroue, werksetiek, nederigheid en gewilligheid om te leer. Alle mense het die potensiaal om leierseienskappe te ontwikkel. Leiers moet goed kan kommunikeer; jy kan dramaklasse neem. Identifiseer jou sterk- en swakpunte sodat jy weet waaraan jy moet werk. As jy nie goed is met organiseer nie, vra iemand om jou te help om ‘n rooster op te stel vir jou daaglikse take – dit sal jou leer om te organiseer. Sluit by spanne aan waarin jy sal leer om met ander mense saam te werk. Baie buitemuurse aktiwiteite help om leiersvernuf te ontwikkel. Dit sal jou van spanwerk leer en ook om onafhanklik op te tree.

[Verwerk uit: *Kuier*, 14 September 2023] **[20]**

TOTAAL AFDELING B: 20

Kopiereg voorbehou

AFDELING C: KYK

VISUELE TEKSTE

VRAAG 4: SPOTPRENT

Bestudeer die onderstaande spotprent aandagtig en beantwoord die vrae.



[Tekening: Fred Mouton]

VRAE

4.1 Jy weet nie eers hoe om 'n vervlakste verfkwas te gebruik nie!

Word hierdie sin LETTERLIK of FIGUURLIK gebruik? Verduidelik jou antwoord. (2)

4.2 Wat is dit in die koerantartikel wat die vrou so kwaad gemaak het? (1)

4.3 Hoe sou jy reageer het as jou man/vrou so lui was? (1)

4.4 Ontwerp 'n treffende slagspreuk (nie langer as 6 woorde nie) waarin jy mense aanmoedig om harder te werk. (1)

4.5 Dui aan of die volgende stelling 'n FEIT of MENING is. Motiveer jou antwoord.

"Hom met 'n aap vergelyk! Genade, 'n aap het darem sy trots." (2)
[7]

VRAAG 5: STROKIESPRENT

Lees die onderstaande strokiesprent aandagtig deur en beantwoord die vrae.



[Verwerk uit: *Taalarsenaal2.yolasite*]

5.1 Dit klink asof Meester baie kwaad is vir Neelsie.

5.1.1 Stem jy saam met hierdie stelling? Gee ‘n rede vir jou antwoord.

5.1.2 Waarom blameer Neelsie vir Willempie? Gebruik jou eie woorde.

5.1.3 Dink jy dit is reg dat Neelsie vir Willempie blameer? Gee ‘n rede vir jou antwoord.

(3 × 1) (3)

5.2 Die leser kan gewoonlik met een van die karakters in ‘n strokiesprent assossieer.

Met watter EEN van hierdie karakters kan jy assossieer? Verduidelik jou antwoord. (2)

5.3 “Sorry, Meneer. Maar dis eintlik Willempie se skuld.” (Raampie 2)

Skryf die leerder se woorde oor in goeie Afrikaans. (1)

5.4 Hoe weet die leser uit Meester se lyftaal (raampie 1) dat hy nie beïndruk is met Neelsie nie? Noem TWEE dinge. (2)

[8]

VRAAG 6: ADVERTENSIE

Lees die onderstaande advertensie aandagtig deur en beantwoord die vrae.



[Verwerk uit: *Huisgenoot,* 29 November 2023]

VRAE:

6.1 Wie is die teikenmark van hierdie advertensie? (1)

6.2 Haal EEN WOORD uit die advertensie aan wat aandui dat dinge weer gebruik kan word. (1)

6.3 Die uitdrukking “KRY DIE KRAG!” is nie goeie Afrikaans nie.

6.3.1 Dink jy hierdie uitdrukking is treffend? MOTIVEER jou antwoord. (2)

6.3.2 Skryf die uitdrukking oor in goeie Afrikaans. (1)

6.4 Kry die Krag
Om ‘n meer volhoubare toekoms te skep.

6.4.1 Verduidelik wat die adverteerder bedoel met “om ‘n meer volhoubare toekoms te skep”.

6.4.2 Waarom word die woord VOLHOUBAAR drie keer in die advertensie gebruik?

6.4.3 Dink jy dat dit goed is om ‘n volhoubare toekoms te skep? MOTIVEER jou antwoord.

(3 × 1) (3)

6.5 Noem TWEE dinge van die advertensie wat die leser se aandag behoort te trek. (2)

6.6 Waarom is dit die regte besluit om First Choice te kies? (1)

6.7 Haal EEN woord uit die advertensie aan wat ‘n antoniem vir die woord “vervelig” is. (1)

6.8 Haal ‘n sinsdeel aan waar die leser ‘n begeerte kan ontwikkel om wel die produk te koop omdat dit so lekker gaan smaak. (1)

6.9 Waarom is dit doeltreffend om die mond en tong in die advertensie te gebruik? (1)

6.10 Verduidleik waar die aksie-deel van die advertensie is. (1)

[15]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D: TAAL IN PRAKTYK

VRAAG 7: ARTIKEL

- Bestudeer die onderstaande artikel aandagtig.
- Voltooi die teks met behulp van die leidrade in die regterkantste kolom.
- Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer, byvoorbeeld:



KOLOM A	KOLOM B
(in die dag)	7.0 Gee EEN woord

Antwoord: 7.0 bedags

KOLOM A	KOLOM B		PUNT
HOEDE MAAK IS DIÉ (7.1 ANTIE) SE DING! Dié entrepreneur kan enigiets met klere te make (7.2 sélf) maak. Sy glo egter haar liefde vir hoede maak (7.3 is 'n roeping.) As (7.4 jonk) kind het Georgina Goodall altyd haar stylvolle ouma se (7.5 lelike) hoede, handsakke, skoene en lipstiffie (7.6 bewonder). Kleintyd het sy alles omtrent haar (7.7 wat reeds dood is) ouma Annie se styl en menswees bewonder, vertel Georgina (7.8 60), wat oorspronklik van Faure in Kaapstad is en nou in die klein (7.9 dorp) Atlantis buite die stad woon. Ouma Annie se (7.10 steil/styl) het iets anders in Georgina wakker gemaak. (7.11 Sy weet sy wil ook eendag hard werk om haar gesin te voed). (7.12 Sy doen dit met grasie.) Dit is hoe haar liefde vir mooi hoede en tradisionele hoofbedekkings (7.13 gebore) is.	7.1 7.2 7.3 7.4 7.5 7.6 7.7 7.8 7.9 7.10 7.11 7.12 7.13	Skryf in standaard-Afrikaans. Verklaar die gebruik van die aksentteken. Verklaar die betekenis van die woorde. Gee die korrekte vorm van die woord. Gee 'n antoniem van die woord. Gee 'n sinoniem van die woord. Gee EEN woord. Skryf die getal uit. Gee die verkleinwoord. Kies die korrekte homofoon. Skryf in die verlede tyd. Skryf in die toekomende tyd. Hierdie uitdrukking word (letterlik/figuurlik) gebruik.	(1) (1) (1) (1) (1) (1) (1) (1) (1) (2) (2) (1)

(7.14) (In vandag se tyd) maak dié kreatiewe entrepreneur nie nét vir haarself hoede nie.	7.14	Gee EEN woord.	(1)
(7.15) (Sy maak vir almal hoede wat op soek is na iets anders. Sy staan bekend as Atlantis se “hoed-antie”.) Sy droom steeds daarvan (7.16 haar eie boetiek oopmaak) waar sy hoede, handsakke en ander bykomstighede sal uitstal.	7.15 7.16	Skryf die TWEE sinne as een sin neer en gebruik die woord **daarom** Gee die infinitief.	(2) (2)
(7.17 Sy sê: “Vrouens moet te alle tye goed lyk.”)	7.17	Skryf in die indirekte rede.	(2)
(7.18 Georginia het kleintyd al entrepreneursvaardighede getoon.)	7.18	Skryf in die lydende vorm.	(2)
(7.19 Sy het **soos** ‘n ervare sakevrou materiaal in stukke gesny en verkoop om ‘n geldjie te verdien.)	7.19	Benoem die beeldspraak.	(1)
“Kyk, ek is die (7.20 lief) vir mooi	7.20	Skryf in die oortreffende trap.	(1)
(7.21 ding).	7.21	Gee die meervoud.	(1)
Ek het geweet (7.22 my ouers is nie in staat om dit vir my te koop nie.)	7.22	Herskryf in jou eie woorde sonder om die betekenis te verander.	(1)
Georgina lag toe sy onthou hoe baie sy van bobby socks, daai (7.23 wit) sokkies met die kant (7.24 bo aan/boaan), gehou het.	7.23 7.24	Gee die intensiewe vorm. Kies die korrekte spelling.	(1) (1)
Dit is dan ook hoe Georgina se (7.25 entrepreneur + pad) begin het. Sy het later selfs in klerefabrieke begin werk. “Ek het begin as ‘n algemene werker, maar kort voor lank as gevolg van my leergierigheid, het ek (7.26 vaardigheid) aangeleer.”	7.25 7.26	Gee die korrekte samestelling. Gee die meervoud.	(1) (1)
Sy het in 2015 haar eerste hoed gemaak. Sedertdien maak Georgina hoede vir (7.27 mans) vir kerkgaan, begrafnisse en verjaarsdae. Dit is vir haar belangrik dat (7.28 ‘n/die) mense weet dat sy nie net kerkhoede maak nie.	7.27 7.28	Gee die teenoorgestelde geslag. Kies die korrekte lidwoord.	(1) (1)
(7.29 “Ek is ‘n ontwerper) maar ek kan enigiets maak wat jy soek. Jy moet net vir my sê en dan doen ek dit. Ek is (7.30 hoeka) besig met tradisionele hoofbedekkings,” vertel sy.	7.29 7.30	Skryf in die ontkennende vorm. Gee ‘n eietydse word.	(1) (1)
Sy is passievol oor wat sy doen. (7.31 Hierdie hoedemakery is haar roeping.) Tog droom sy daarvan om ander markte en besigheidsgeleenthede buite Atlantis by te woon.	7.31	Skryf die sin as ‘n vraagsin.	(2)

(7.32 Georgina tans vanuit haar tweeslaapkamerhuis werk in Atlantis.) Wat motiveer haar? “Ek weet wat dit is om swaar te kry,“ sê sy.	7.32 Skryf die woordorde korrek oor.	(2)

[Verwerk uit *Kuier,* 17 Augustus 2023] **[40]**

TOTAAL AFDELING D: 40

AFDELING E: KOMMUNIKASIE IN PRAKTYK

VRAAG 8: MEDIA

8.1 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae.

> Digitale media is deel van ons jongmense se verwysingsraamwerk. Dit is ook so dat dit nie noodwendig negatief is nie. Tog is daar gevare aan verbonde – soos kuberboeliery, webtuistes wat nie geskik en ouderdomstoepaslik is nie en natuurlik heeltemal te veel skermtyd wat tot ander probleme lei.

[Verwerk uit: *Afrikaans.com*: Jou tiener en sosiale media - 10 Maart 2022]

8.1.1 “Dit is ook so dat dit nie noodwendig negatief is nie.”

Voel jy POSITIEF of NEGATIEF oor hierdie stelling. Gee ‘n rede vir jou antwoord. (2)

8.1.2 Noem DRIE redes waarom digitale media ‘n slegte invloed op jongmense kan hê, soos dit in die uittreksel gemeld word. (3)

8.2 Digitale media is slegs een soort medium. Noem nog VIER ander soorte media. (4)

8.3 Watter soort media gebruik jy die meeste? Gee ‘n rede vir jou antwoord. (1)

8.4 Lees die onderstaande stelling en beantwoord die vrae.

> Wanneer ons uiteet, kyk ons dikwels eerder vir ons selfoonskerms as vir die mense saam met ons. Die ironie is dat dit wat juis ontwerp is om ons lewens beter te maak, moontlik tot ons ondergang kan lei. Maar die internet en sosiale media word elke dag meer deel van ons lewe. Wie of wat is regtig in beheer van ons lewe?

[Verwerk uit: *Die Lig,* November 2022]

8.4.1 Stem jy saam met die stelling dat dit ironies is dat die internet ontwerp is om ons lewens beter te maak, maar dat dit tot ons ondergang kan lei? Verduidelik jou antwoord in jou eie woorde. (2)

8.4.2 Noem TWEE van jou EIE voorbeelde van hoe die internet en sosiale media ons lewens beheer. (2)

8.4.3 Hoe sal jy sosiale media kan gebruik om jou werksomgewing beter te maak? (1)

8.5 Kies ‘n beskrywing uit KOLOM B wat by ‘n woord in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (8.5.1–8.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
8.5.1	Twitter	A	toegang tot die internet aan die publiek
8.5.2	Massamedia	B	geheime kode om jou identeit te beskerm
8.5.3	Wagwoord	C	soekenjin op die internet wat jou na webwerwe lei
8.5.4	Openbare wifi	D	bereik ‘n groot verskeidenheid mense deur kommunikasie
8.5.5	www.google.com	E	word gebruik om die jongste nuusgebeure elektronies te deel

(5 × 1) (5)

[20]

VRAAG 9: MANIPULERENDE KOMMUNIKASIEMEDIA

9.1 Daar bestaan verskeie soorte manipulerende mediakommunikasie.
Kies ‘n beskrywing uit KOLOM B wat by ‘n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (9.1.1–9.1.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
9.1.1	Manipulerende taal	A	waarborg regverdige beriggewing
9.1.2	Partydigheid	B	is ‘n veralgemening op grond van spesifieke eienskappe
9.1.3	Stereotipering	C	het ten doel om die leser oor te haal om die skrywer se standpunt te glo
9.1.4	Retoriese vrae	D	gebruik woorde om die leser se gevoelens te beïnvloed
9.1.5	Emotiewe taal	E	dwing lesers om die antwoorde in die teks te soek
9.1.6	Etiese taalgebruik	F	behels eensydige beriggewing wat onregverdig is

(6 × 1) (6)

9.2 ‘n Advertensie vir ‘n produk of diens word gewoonlik op ‘n visuele, ouditiewe of oudiovisuele manier gemaak om ‘n spesifieke boodskap oor te dra.

Noem TWEE dinge wat ‘n advertensie suksesvol maak. (2)

9.3 Kinematografiese tekste speel ‘n belangrike rol in die media om boodskappe oor te dra.

9.3.1 Noem DRIE voorbeelde van kinematografiese tekste soos dit in die media gebruik word. (3)

9.3.2 Noem DRIE kinematografiese tegnieke wat gebruik word om die tekste effektief en lewensgetrou aan die gehoor oor te dra. (3)

9.4 Verduidelik die volgende begrippe as oorredingstegnieke in die media:

9.4.1 Verdraaiing van betekenis (2)

9.4.2 Humor (2)

9.5 Propaganda is inligting wat nie objektief is nie en word hoofsaaklik gebruik om ‘n gehoor te beïnvloed.

Noem enige TWEE visuele bronne waar propaganda versprei kan word om lesers te beïnvloed. (2)
[20]

TOTAAL AFDELING E: 40
GROOTTOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou